higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N790(**A**)(J5)T

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4

(4090294)

5 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE ENTREPRENEURSKAP N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord slegs VIER vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. ALLE berekeninge moet afgerond word tot TWEE desimale plekke.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

GEVALLESTUDIE

Lees die volgende gevallestudie met begrip en beantwoord die vrae.

DIE VERESTOFFER

Wendy Williams het agt jaar as 'n administratiewe bestuurder vir 'n groot versekeringsmaatskappy gewerk. Om voltyds te werk en die moeder van twee kleuters te wees, was 'n veeleisende werk. Sy het altyd gewens dat sy 'n span betroubare mense kon vind om haar huis deeglik, binne 'n paar uur, skoon te maak.

Wendy het met haar vriende en bure in die omgewing van Boston, 'n voorstad in Bellville, gepraat en besef dat almal 'n algemene probleem ervaar het, naamlik die gebrek aan betroubare, ervare opgeleide huishoudelike werkers. Wendy het haar werk bedank en haar eie onderneming begin, Die Verestoffer.

Wendy het op 'n klein skaal begin, aangesien sy nie veel kapitaal gehad het nie. Sy het haar pensioenuitbetaling en spaargeld gebruik om haar motorhuis in 'n kantoor te omskep. Sy moes 'n lening van R30 000,00 uitneem om twee stofsuiers en kantoortoerusting soos 'n rekenaar, 'n drukker en faksmasjien, asook 'n lessenaar en liasseerkabinet te koop. Sy het ook aansoek gedoen vir 'n oortrokke bankrekening om skoonmaakmiddels, verestoffers, besems en moppe van 'n groothandelaar in Epping te koop.

Wendy het ses werknemers in diens geneem - twee om die afstof en uitvee werk te doen, twee om die matte te stofsuig en twee om kombuise, badkamers en teëls skoon te maak. Sy het haar eie voertuig gebruik om die werknemers en toerusting van een werkplek na die ander te vervoer.

Wendy het nie haar dienste geadverteer nie en het op haar vriende staatgemaak om ander mense oor haar skoonmaakdienste te vertel. Namate meer en meer mense van haar onderneming bewus geword het, het die bestellings begin instroom en kon hulle nie almal aanvaar nie. Wendy moes meer mense in diens neem, verskillende spanne saamstel en 'n toesighouer vir elke span aanstel.

VRAAG 1

1.1 Wendy word na verwys as 'n entrepreneur.

Definieer die term *entrepreneur*. (4)

1.2 Gee TWEE redes waarom Wendy haar eie besigheid begin het? (4)

1.3 Wendy se besigheid is 'n eenmansaak. Noem SES voordele van hierdie vorm van eienaarskap. (6)

1.4 Noem SES funksies betrokke by 'n besigheidsonderneming. (6)

1.5 Wat is die verskil tussen die som van 290 en 347, en die produk van 30 en 4? (5)

[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

2.1 Wendy het ongeveer 300 kliënte wat van haar diens gebruik maak. Elke kliënt bestee gemiddeld R200,00. Gemiddeld spandeer 'n kliënt 40% op Wendy se diens. Wendy is daarvan oortuig dat sy 'n markaandeel van 10% sal trek.

Bereken die potensiële randwaarde van haar markaandeel. (6)

2.2 Noem SES items wat ingesluit moet word in die inhoud van die finansiële plan van Wendy se besigheid. (6)

2.3 Noem enige VYF basiese finansiële rekeningkundige rekords. (5)

2.4 Wendy vra ongeveer R150,00 vir die skoonmaak van 'n huis. Die prys is geskeduleer om met 10% te styg. Bereken die nuwe prys. (3)

2.5 Noem VYF aktiwiteite wat betrokke is by die hantering van verskaffers. (5)
[25]

VRAAG 3

3.1 Watter VIER produksiefaktore speel 'n rol in Wendy se besigheid? (4)

3.2 Watter marknavorsingsmetodes sal deur Wendy gebruik word om haar teikenmark te identifiseer. (3)

3.3 Gee enige DRIE brondokumente wat Wendy kan gebruik om die besigheidstransaksies op te teken. (3)

3.4 Verduidelik die belangrikheid van 'n sakeplan vir Wendy se besigheid. (6)

3.5 Bespreek die SEWE stappe van die aankoopprosedure. (7)

3.6 Definieer die term *bankoortrekking*. (2)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Noem SES aktiwiteite wat in die produksiefunksie geïdentifiseer kan word. (6)

4.2 Wendy belê R12 500,00 by 'n bank teen 10% rente per jaar vir vier jaar. Bereken die rente aan die einde van die vier jaar.

Formule**:** $I = \frac{P \times r \times t}{100}$ (4)

4.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (4.3.1–4.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.3.1 Godsdiens is 'n voorbeeld van 'n kulturele behoefte.

4.3.2 Salarisse en lone is ander produksiefaktore.

4.3.3 'n Produk is 'n ontasbare voordeel van behoeftebevrediging.

4.3.4 'n Behoefte is 'n begeerte of drang na iets wat tevredenheid gee.

4.3.5 Verbruikersgoedere word deur die eindverbruiker gebruik, byvoorbeeld kos.

(5 × 1) (5)

4.4 Teken 'n vraelys met VIER vrae wat Wendy kan gebruik om uit te vind waarvan haar kliënte van haar besigheid hou. (4 × 2) (8)

4.5 Noem TWEE tipes risiko's wat Wendy in die sakewêreld kan ervaar. (2)
[25]

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die VYF doelwitte van 'n privaat besigheid. (5)

5.2 Wendy moet haar bemarkingsmengsel saamstel. Watter elemente sal sy in hierdie beskrywing insluit? (5)

5.3 Vir Wendy om haar diens te lewer, is die arbeidsinsette R30,00, die gebruik van skoonmaakmiddels R35,00 en ander addisionele koste R15,00.

Bereken die persentasie van elke komponent. (6)

5.4 Watter metodes sal sy gebruik om haar diens onder die aandag van potensiële kopers te bring?

Gee VIER praktiese voorbeelde. (4)

5.5 Gee VYF voorbeelde van demografiese faktore wat Wendy moet studeer om die behoeftes van haar teikenmark vas te stel. (5)
[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou